# Op die pad—Zoar Opleiding
## 5—9 Augustus 2011



Wat 'n pragtige pad om te ry. Ons het so toer-toer gery tot op Zoar. Ek en Werner het omtrent op elke klein dorpie gestop om te kyk hoe dit lyk. Ladismith was ons laaste stop. En ek moet sê, ons koudste stop. Die berge was spierwit! Ons het omtrent gevries. Toe ons daar wegry het dit gelyk of ons wegry van die sneeu af, maar o wee. Toe ons in Zoar aankom is die berge daar net so wit van die sneeu! Maar wat 'n heerlike warm ontvangs!!



Ek het net in hierdie tyd besef dat die mense van Zoar honger is vir die Evangelie en opregte Jesus liefde!

Ek glo ek gaan volgende jaar terug na Zoar met 'n span om te help in die gemeenskap en om Jesus se hande en voete vir hierdie mense te wees.

Hulle het nodig om Jesus te sien deur ons!

**Wie gaan saam?**

Sondag het ek die voorreg gehad om 'n Kinderdiens in erediens tyd te hou. Wat 'n opkoms! Daar het ongeveer 100 kinders opgedaag. Ek het met hulle gedeel hoe groot God se liefde vir elkeen van ons. Dit was vir my belangrik dat hierdie kinders moes weet dat Jesus vir hulle so liefgehad het dat Hy selfs vir hulle hier op Zoar aan die Kruis gesterf het.

Die kursus self was geseend. Ons het baie uitdagings gehad rondom tyd en "commitment". Maar selfs hier het die Here ingegryp!





Daar was 23 kliniekgangers waarvan 12 elke sessie getrou bygewoon het. Daar het ek geleer, dat al kan jy nie lees of skryf nie—jy kan ook die Evangelie deel!

Kinders het Dinsdag in hul massas opgedaag om die Evangelie te hoor. Daar was 180 kinders. Die saal is nie baie groot nie so ons moes die ouer kinders ongelukkig wegwys. Vele kinders het die dag hulle harte vir Jesus gegee!

**Dankie aan ons borge en almal wat dit vir ons moontlik gemaak het!**

Dankie vir jou gebede en liefde !

Belinda Bothma
073 835 5084